

V O O R U I T G A N G ?

Afrikaanse Taalgenootskap.

Volkstem, Pretoria.

1916.

A  
439.3609

AFR

# VOORUITGANG?

**Afrikaanse Taalgenootskap,**  
Adres : Posbus 337,  
**PRETORIA.**

*Volkstem, Pretoria.*

**1916.**

# Die Afrikaanse Taalgenootskap.

Pretoria, Mei, 1916.

Die Leser Heil!

U is Afrikaner, welwillende Leser,—lees dus wat hier mede-Afrikaners tot U te sê het!

Opgerig in Desember 1904, het die **Afrikaanse Taalgenootskap**—trots al ons nasionale moeilikhede—standgehou en gewerk vir die belange van ons Moedertaal; en staat 't vandaag hegter als ooit tevore, en vasbeslote om die strijd vélder voort te set.

Die verblijvende opbloeï in die nasionale literatuur, versterking van ons nasionaliteitsbesef, bewuste oplewing en strewing op ieder gebied, om tot ons-self te geraak,—dit is vrugte ook van óns strijd.

**“Die Brandwag”** is in Transvaal 'n direkte vrug van ons arbeid, eweseer als verskeie ander tydskrifte elders, en die toenemende omvang van degelike, mooie, in ons Moedertaal geskrewe boeke, resultate is van ons werk.

Doel van ons Genootskap is:

- a. Afrikaners te oortuig, dat hul Afrikaans als spreek- en skryftaal behoort te gebruik.
- b. Ontwikkeling van ons Afrikaanse Taal in suiwer vorm;
- c. Aankweking en ontwikkeling van 'n suiwer suidafrikaanse nasionaliteitsbesef.

Ons doen 'n beroep op alle Afrikaners, wat 't met ons ééns is, om ons daarin hulp en medewerking te verleen. Dié hulp soek ons in die krag van organisa-

sie. Help ons dus, leser, deur lid te worde van ons Genootskap, en als lid bevorderlik te wees aan bowen-genoemde grondbeginsels!

Uw lidmaatskap kos U jaarliks **minstens** één shilling! Stuur dit, of meer, aan die Sekretaris met 'n pos-ordertjie, laat ons voeling hou met mekaar, en ontvang ons vlugskrifte daarvoor!

Hiernewens word U aangebied 'n verslag van die verrigtinge van ons laaste Jaarvergadering, met die Openingsrede van die aftreënde Voorsitter, en 'n opgaaf van die nuwe Bestuur.

Als U klaargelees 't, gee dit dan a.u.b. aan 'n vriend, en help ons om alle vriende bij te kom. Als U meer daarvan verlang, skryf aan die Sekretaris, en sluit pos-seëls of 'n pos-ordertjie in van drie dubbeltjies per eksemplaar vir netsoveel als U kan of wil versprei.

Ons Genootskap bestaan deur uw en ander hulle shilling-bijdraë,—draag dus ook úw steentjie bij!

Als bij U 'n tak kan gestig word, skryf aan ons, en U kan ons statute ontvang. In organisasie, in saamwerk en helpmekaar, daarin alleen is ons krag gelege.

Hoogagtend,

W. M. R. MALHERBE,  
Voorsitter.  
Iz. VAN HEERDEN,  
Sekretaris-Penningmeester

Adres:

Bus 337,  
Pretoria.

# JAARVERGADERING.

## DIE TOORTS VERDER GEDRAAG.

Vrijdagaand, 28 April j.l., was daar 'n aansienlike aantal lede en vrinde van die Afrikaanse taalbeweging bijmekaar in die Afrikaanse Koffiehuys, om jaarvergadering te hou van die "Afrikaanse Taalgenootskap".

Die Voorsitter, mhr. Gustav S. Prëller, verwelkom die aanwesige lede en belangstellende, en verklaar die vergadering geopen, waarop die Sekretaris-penningmeester, mhr. Iz. van Heerden, die notule lees van die laaste jaar-vergadering, wat goedgekeur en geteken word.

Die Voorsitter herneem die woord, om, soos hij sê, naar die voorbeeld van sijn beie eminenté voorgangers in die leiding van die genootskap, dr. N. M. Hoogenhout en advokaat (tans minister) N. J. de Wet, 'n oorsig die lede aan te bied van wat daar in die afgelope tydperk gedaan was.

Die laaste algemene vergadering is meer dan twee jaar gelede gehou, maar lede sou opmerk, hoc die datum saamval met die aanvang van allerlei moeilikhede op politiek en nasionaal gebied, en hij hoop dat lede dit in aanmerking sal neem, wanneer hulle die bestuur daaroor aanspreek, soos hul reg het. Die statute bepaal, dat die algemene vergadering om die twaalf maande moet gehou word; of, als dit nie kan nie, dan behoort daar in ieder geval nie meer dan twee jaar oor heen te gaan ne. Omstandighede, waaroor niemand van hulle beheer had politieke en maatskappelijke beroerings, opstand en die Krijgswet,— het gemaak, dat die vergadering nie eerder kon gehou word nie. Die bestuur wat op die laaste vergadering gekies werd, het die toorts egter vélder gedraag, naar hulle hoop, en in die tussentijd gedaan wat hul hand gevind 't om te doen. Daar is in geheel 'n tiental bestuursvergaderings, gewees; in Aug. 1915 werd 'n gedrukte jaarverslag onder die lede versprei, waarin een en ander uiteengeset werd. Die jaarverslag het verskijn enige maande vóór die algemene verkiesing, en die bestuur het die geleëndheid tebuat geneem, om met lede die sogenaamde "één" en "tweestroom" politiek ook te bespreek, insoverre als hul reken, dat dit die belange van die Afr. Taal aanbetref; en dis hul geblyk dat dit ook nie voorniet gebeur is nie. Die genootskap als sódanig hou sig vé van die politiek; sij ag sig bókant die politiek verheve, maar waar politici, deur verwarde beelde soos die "één" en "tweestroom" ook verwarring en misverstand verwek op taalgebied, daar is 't haar plig om in te grijp. Als die terminologie aan ons politici die tekortskiet om 'n groeie en wáre beeld te gee van wat hul bedoel,

en als hul deur 'n skewe voorstelling 'n verkeerde begrip te weegbreng, dan kan die genootskap nie daarvoor verantwoordelik gehou word nie. Wat die taal aanbetref is die "eenstroom"-beeld misleidend, en nie van toepassing nie, omdat hier twee tale bestaan, en moet blyf voortbestaan tot in alle ewigheid.

### "DIE BRANDWAG".

Buiten hierdie bedrijwigheid is die bestuur in die afgelope tyd werksaam gewees deur sijn lede, op talrijke bijeenkomste en op die Dingaansdagfeeste vooral. Drie lede van die bestuur het op die fees te Bloedrivier b.v. 'n daglang met duisende belangstellende mense die taalsak bespreek van alle kante. Bowendien is daar sedert die laaste alg. vergadering,—danksij die toewijding van prof. dr. le Roux, en met behulp van prof. dr. Smith,—nou eindelijk totstand gekom en in biosjure-vorm beskikbaar gestel die spelreëls vir Afrikaans, wat talrijke moeilikede in verband met die praktiese beoefening van ons taal, uit die weg ruim. Deur die pers en vooral deur die orgaan van die genootskap, "Die Brandwag" is onophoudelik propaganda gemaak vir die goeie saak, en aan die bekwame redakteur van "Die Brandwag", dr. W. M. R. Malherbe, was 't danke dat so langsamerhand velerlei verkeerde begrippe oor Afrikaans aan 't verdwyne is, terwyl die tydskrif self onder sijn goeie leiding, ook nog altoos vorentoe gaat, en sijn lesers tel onder Afrikaners e.a. in die eerste hoeke van die aarde. Dit was 'n band, 'n simpatieke taalband geword, om hul bijmekaar te hou en koers te gee aan hul strewes.

### BOKANT DIE POLITIEK.

Volgens die statute moet die bestuur bestaan uit sewe lede, wat egter deur die bestuur self kan aangevul word, sodat die teënwoordige bestuur, wat vanaand aftree, uit tien lede bestaan het. Een van ons bestuurslede, adv. N. J. de Wet, is sedert die laaste alg. verg. lid geword van die Volksraad, en verhef tot minister van Justisie, waar hom ongetwyfeld dieselfde belangstelling bijblyf vir ons taalsak als toen hij voorsit, ter was van ons genootskap. 'n Ander lid is minder gelukkig gewees als hij, en ons hart gaat uit vanaand naar mhr. Piet Grobler, in die Fortgevangelis te Johbg. Hij is 'n trouwe en oortuigde ondersteuner gewees van ons saak, en 'n man wat g'n geleëndheid ooit versuim 't om op verstandige wyse bevoorderlik te wees daaraan. Een van die lede van die bestuur het bedank, nml. mhr. Piet Jooste. Hij is 'n werksame lid gewees, en 'n man wat bowendien meer geleëndheid het als enige van ons om die belange van ons taal vooruit te help als hij wil, en spr. betreur sijn bedanking tmeer, omdat sijn aanwesigheid op die bestuur van ons Genootskap, als prominente partijman ons altoos ook 'n stillswijgende bewijs was hoe ons ijwer vir ons Moedertaal nie onbestaanbaar is met die partij-politiek nie.. Spr. wil sijn uitbreë nou egter nie aanvaarde als blyk,

dat liefde tot ons taal in voorname politieke kringe nie meer bestaanbaar geag word met die belange van die partijpolitiek nie. Daar is g'n skriftelike bedanking nie, en spr. wou veel-  
eer aanneem dat mhr. Jooste s'n bedanking verbandhou met s'n werksaamhede als partij-sekretaris.

## AFRIKAANS ALS VOERTAAL.

Sedert die vorige vergadering werd in drie van die Provin-  
siale rade van die Unie besluit aangeneem, waardeur Afrikaans  
verhef werd tot wettige voertaal van die laëre onderwijs. In  
Transvaal werd dit bereik in Junie 1914. Ses maande later  
het die Dir. van Onderwijs 'n omsendbrief uitgevaardig, waar-  
in hij die sandag van hoofde van skole daarop vestig, en waar-  
in geseg word, dat teen die einde van 1915 Afrikaans a'ge-  
meen behoort erken te wees als medium. Daarbij is 't ewen-  
wel geblijf, en die anderdag het die Administrateur, in antw.  
op 'n vraag van mhr. Martins, die lid vir Heidelberg, selfs  
alle verantwoordelikheid van die Uity. Komitee afgewentel, wat  
betref die kwessie van leermiddels. Tog is dit 'n besliste op-  
drag gewees van die Prov. raad! In Kaapland is ons mede-  
standers op dieselfde inérsie afgestuit; maar daar werd sedert  
die tijd 'n breë kommissie van bekwame en volkome vertrouw-  
bare Afrikaners aangewijs deur die Administrasie, om die hele  
kwessie tot op die bodem te ondersoek, en rapport uit te bring  
daaroor. Miakien is dit ook hier die aangewese weg. In ieder  
geval was 't wenselek dat hierdie vergadering daaromtrent 'n  
besluit sal neem.

Spr. lees voor 'n brief, afkomstig van mhr. J. F. Ludorf,  
lid van die Genootskap en voorsteller indertijd van die medium-  
mosie in die Prov. Rd., waarin hij die versekering gee van sijn  
voortdurende belangstelling, en begeerte vooral om te help  
bevorderlik wees daaraan, om Afr. skriftelik medium te laat  
worde. Die Voors. sê, dat mhr. Ludorf nou lid geword is van  
die Uity. Komitee, en dat sijn voortdurende bijstand derhalwe  
seer welkom was, maar dat daar reeds in die aangenome besl.  
op Afr. gesien word ook als skriftelike medium. Als monde-  
linge voertaal is 't in ons land so oud als die ewige heuwels,  
en daartoe het ons nie die hulp van die Prov. Rd. nodig gehad  
nie, terwijl onderwysers eenvoudig genoodsaak is om 't als so-  
danig te besig waar hul nie Grieks teen leerlinge van die sub-  
standaards wil staan praat nie. En die opvatting van die Dir.  
van Onderwijs, soals uiteengeset in sijn omsendbrief, waar hij  
nml. beslis nadruk daarop leg, dat bedoel word Afr. énkél als  
mondelinge medium in te voer, is ook hopeloos indien nie op-  
settelik verkeerd. Wat sou die Prov. Rd. anders beweeg 't  
om so'n besluit te neem, en so'n opdrag te gee oor leermiddels?

Ons praat vanaand nie oor die vordering op letterkundig  
gebied nie, terwijl ons 't meer bepaald oor die materiële strijd  
hier het. Daaraan sou ons 'n hele sand kon wij, want nergens  
anders skitter die son van ons hope só helder als dáar. Ons dig-  
ters en prosa-skrywers het klaar en vas die bewijs gelewer  
hoe skoon, hoe mooi, hoe bruikbaar ons Moedertaal is op iedere

lewensbaan, vir elke uiting van die menselike gees. Dankbaar en blij seg ons 't die oue strijers van die sewentiger jare na. Afrikaans het ons leer lees en skrywe!

## KERK EN TAAL.

Dis nooit ons strewe gewees om ons Kerk te betrek in ons taalstrijd nie. Inteëndeel, toen ons Genootskap elf jaar gelede totstand gekom is, het ons gemeen om voordeel te trek uit die ervaring van die ou strijd van 1875, wat met die kerk wou beginne, en juis op dié wijze baie kerkmanne teen die beweging in die harnas gejaag 't. Ons opvatting was gewees, dat die Kerk vanself geleidelik sou volg. En dit was 'n verblijdende omstandigheid om nou reeds te kan konstateer hoe ons daarin nie verkeerd gesien 't nie. Die Kerk is besig om te volg. Op die laaste algemene vergadering van die Gereformeerde kerk te Potchefstroom, werd 'n besluit aangeneem, om 'n kommissie aan te wies, ten einde te ondersoek in hoever en hoe die Belijdenisskrifte van die Kerk in Afrikaans kan oorgeset word. Op die laaste Sinode van die Ned. Gereformeerde kerk te Kaapstad was daar 'n beskrywingspunt, wat ten doel gehad 't om Afrikaans te weer uit die Kerk. Dié punt is nooit aan die orde gekom nie. Die opposisie het só sterk geblyk, vooral onder die jongere geestelike, dat 'n bespreking nie raadsaam geoordeel werd nie! Die Hervormde kerk, wat ons beweging in die begin heftig bestrij 't, is langamerhand meer passief geword, en ook dáar onthreek 't vandag nie meer aan tékens van medewerking. Dieselfde geld van die Ned. Herv. of Gereformeerde kerk in Transvaal, waarvan verskeie predikante nooit anders als afrikaanse preke hou nie. En die beoondigendste van alles was, dat gemeentes wat dié predikante een of tweemaal ons nie sagte, soetvloeiende taal hoor besig 't, ons taal waarmee hul soveel makliker die harte binnedring, 'n voorliefde daarvoor opvat, wat veelbelowend is vir die toekoms. Die Kerk is en blij konservatief, en dis ook nie ons doel om gedurende ons lewe binne dié gewijde walle 'n taalomwenteling sig te sien voltooi nie.

## TAALBESEF VAN DIE JONGERE.

Die intense taalbewustheid van ons jongere mense is 'n verskynsel van die laaste twintig-vyf-en-twintig jaar. Dit is 'n algemene verskynsel van die laaste kwart eeuw, oorals. Eers in die laaste tijd het mense ingesien en begryp wat 'n voorname rol die taal vervul in die mens s'n hersenmesienarie, die taal namelik waarin die gedagte gevorm word. Voorheen was 'n taal 'n... wel 'n taal, 'n middel tot gedagtewisseling. Vir ons is 't, in die lig van 'n jongere wetenskap, oneindig veel meer geworde; dit is 'n deel van ons siel, van ons denkvermoë. Dit wetende, is ons vanself reeds meer vergewensgesind jegens die enorme tekortkominge wat ons in dié opsig bij 'n ouere generasie konstateer. Hul wéet 't eenvoudig nie! Daarom is 't



vir ons, met ons kragtige taalbesef tog môlik om te begryp hou ons eie Kerk in die sestiger jare nog sijn predikante in Kaapstad en Bloemfontein aangemoedig 't om in 'n vreemde taal, in Engels, te preek van die hollandse kansel af,—terwille, verheel jul net!—terwille van egteliede onder die gemeentelede, waarvan die man tot die engelse en die vrou tot die hollandse kerk behoort. Dit was dan so heerlik om die getrouwe mense weer knussig langamekaar te kon sien sit, op dieselfde hollandse kerkbank, onder 'n engelse preek, inplaaas van die één hier en die ander daar! Vandaar ook dat ons kan verstaan,—al denk ons daar ook so totaal anders oor teënwoordig,—hoe die Afr.-Holl. pers van dieselfde tijd daaraan meegeknoei 't, aktief meegesukkel 't, deur hui hul lof te verkondig oor die “mooie engelse aksent” van die afrikaanse dominee,—'n aksent wat ons tog nimmer en nooit sal of kan besit nie! Vandaar ook dat ons tenminste kan begryp, hoe 'n man als wijle advokaat Johannes de Wet van Kaapstad,—'n onkreukbare patriot en 'n goeie Afrikaner van sijn tijd,—in 1853 'n ontwerp Konstitusie vir die Kaapkolonie kon opstel, sonder om ooit daaraan te dènk, dat hij daarin ook voorsiening behoort te maak vir sijn eie taalregte! Vandaag sou dit ten énemale ondenkbaar wees. —omdat ons wéet, beter weet als mense dit ooit in die wereld gewéet 't, en beter als in 1853, wat die begrip “taal” vir die mens betéken. Vandaar ook dat ons dit lijdlik kan aansien hoe 'n oue senator, in die opwinding van sijn politieke gedagtegang, “taal” en “rebellie” in één en dieselfde adem noem! Dié man weet nie waar hij oor praat nie; als hij nou maar so verstandig was om die éngste wijsheid wat die ouderdom hom in hierdie opsig kan bring, te betrag en stil te blijf. maar helaas, hij is 't nie; en sijn opinie kan ons dus ook nie deer nie.

## AFRIKAANS ALS OFFISIELE TAAL.

Ook in ánder opsigte is daar welkome vordering gewees. Talrijke veréniginge van Holl-sprekende Afrikaners het hul bij ons strewé aangesluit. Daaronder noem spr. in die eerste plek die Suidafr. Vrouwe Federasie. In Okt. 1912 was daar voor die alg. vergadering van die Federasie 'n beskrijwingspunt, om net Hollands te erken als taal van die veréniging. Die gevolg daarvan is gewees dat, terwijl daaromtrent voorheen g'n voorsiening bestaan 't nie, ná die tijd bepaul werd hoe Afrikaans sowel als Hollands officiële tale sou wees van die Federasie. Die vrijstaatse Oranje Vr. Veréniging het Afrikaans op dieselfde wijze aanvaard; die kaapse Afr. Kr. Vr. Veréniging is ons Moedertal welgesind, en help 't vooruit en ook die natalse Vr. Veréniging is werksaam gewees in die rigting. Op die laaste Kongres van die Unie van Trv. Debatsveréniginge, waar twee afgevaardigde uit ons bestuur teënwoordig was, werd 'n kommissie aangewijs met die doel om samewerking te verkrijg met die Genootskap, 'n stap wat ons hartelik verwelkou, terwijl ons moet soek naar grotere koördinatie van kragte, en terwijl ons dit nie kan bijbring om

die beskikbare nasionale energie te verbroekel nie. Die taal van die Unie van Trv. Debatsvereniginge is Afrikaans. Lokale verenigings, sonder tak-organisasie, wat ons help, soos die Afr. Kring en die Afr. Dameskring, die Afr. -Holl. Toneelvereniging e.d.m., laat ons vir die oomblik buite beskouing.

### AMBTELIKE ERKENNING.

Dank sij die belangstelling van minister van Heerden, het Afrikaans in die laaste jaar ook sijn verakijning gemaak in allerlei ambtelike geskrifte, en vooral in die "Landbou Joernaal", wat sedert ongelukkig moes "besuinig" word. Alle gestudeerde jonge Afrikaners, wat hier thuishom uit die universiteite van die Europese Vasteland en van Amerika en Ierland, dié weet seker en sekuur hoe hul die oor on belangstelling van hul Volk kan bereik alleen deur hul Moedertaal; en hul maak daar 'n verstandige en weldadige gebruik van. Noudat die "Landbou Joernaal" nie meer verakijn nie, stel hul hulle vak-kundige brosjures op in Afr., en word 't só uitgegee en versprei.

### VOORUITGANG?

Dikwels wanneer ons testaankom voor skijnbaar onoor-komelike moeilikhede in ons taalstrijd, dan soek ons troos aan die vage gedagte: ag ja, "oor die algemeen" het ons tog vooruitgang gemaak, sedert ons begint 't, ons gaan vooruit, wat bog!" Als mens let op voorbeelde soos spr. aangehaal 't uit die strijd, die bewuste strewe van individuele Afrikaners op alle gebied, en die welkome taalbesef wat daar ontstaat, dan was dié troos nie ongeregtig nie. Maar dit is terselfder-tijd 'n gevaarlike soort van troos, en daar bestaat g'n enkele rede om ons enige illusies daaroor te maak nie. Dit staat in ieder geval so vas als 'n muur: dat daar g'n duimbreedte ge-vorder word sonder a strijd nie. Alles werk vanself tege; daar is g'n enkele element in ons openbare lewe wat vanself en spontaan meewerk nie. Dit is ons voortdurend alsof die ganse taal-firmament besig is om op ons neer te sak, en plat te druk al wat daar reeds bereik is; dit is 'n onophoudelike strijd nie alleen om vooruit te kom nie, maar ook om te behou wat ons het. Als voorbeeld noem spr. die grondwettelike be-paling aangaande gelijkberegtigheid van die twee landstale. Van hierdie Genootskap was tijdens die Nasionale Konvensie aan ons verteenwoordigers geskrijf hoe hul moes beskou, dat die volmaakste gelijkgeregtigheid van die twee tale van ons kant bealis 'n voorwaarde was van die vereniging. Ons be-kwaamste deskundige, ons die latere voorsitter, die teenwoor-dige Minister van Justisie,—wat groteliks verantwoordelik is vir die redaksie van art. 137,—het ons versaker en ons was ook seker daarvan, hoe gemelde art. die gelijkeheid neerleg só ontwyffelbaar vas als wat mens instaat is om 't in woorde neer te leg. Onmiddelik egter is die getorn daaraan ook weer be-ginne, toen een van die lede van die Nasionale Konvensie, sir

Percy Fitzpatrick, ons in sijn "fresh start"-kampañe vóór die eerste algemene verkiesing kom beduie, dat art. 137 ons nie gee wat ons daarvan verwag nie; m.a.w. dat, terwyl 't ons reg gee om Hollands te praat, dit ook aan 'n staats-ambtenaar reg gee om ons te woord te staan in Engels. Geleidelik is die getorn vénder en vénder gegaan. In Okt. 1914 moes ons van 'n hoof-ambtenaar verneem,—en nog wel op gesag van 'n toenmalige regs kundige adviseur van die Unie, maar in lijnrechte strijd met die advies van Staatsprokureur Beyers,—"dat iedere ambtenaar vrij is volgens de Grondwet, om naar eigen verkiezing een der beide officiële talen te gebruiken." Dit was al weer vénder agteruit als die eerste: dit was die antwoord wat ons gekrij 't toen geprotesteer werd teen éentalige dokumente van die Inkomstebelasting-dept. en van die Finansiële dept., terwyl ons tegelijk toegefluister werd, deur ons beste vriende, dat ons maar liever nie "so'n keel" daaroor moes opset nie, want dat die man dit nie so danig ver mis had nie! En die getorn is uiteindelik enige maande gelede gekulmineer in niks minder als 'n ministeriële verklaring, ten effekte, dat "het 't publiek vrijstaat spoorwegambtenaren aan te spreken in 't Hollands; maar dat 't die ambtenaren ook vrijstaat, volgens hetzelfde art. 137. 't publiek te antwoorden in 't Engels"!

Noodgedwonge móes daar toen gekeer word, omdat dit mijle-vér verrijder al was van die verklaring waarmee ons in 1910 thuisgekom 't van die Nasionale Konvensie af. En als dié opvatting reg was, dan was daar vir ons niks anders te doen als om te agteer om art. 137 in hersiening te neem, en dit dan eenmaal só op te stel, dat 't buiten alle twiifel aan ons reg en verwagting beantwoord. Ons het nie daarnaar gesoek nie, die strijd werd op ons opgedring. Die strijd het sig, gelukkig vir ons saak, ook bijna onmiddelik laat gelde in 'n verblijdende openbare reaksie; en die gevolg daarvan is gewees, dat daar nou,—sover bekend, vir die éerste maal,—in bealste woorde, wat alle twiifel uitaluit, aan alle ambtenare van die Unie g e l a s is: "that in carrying out their official duties they address the public in the official language used by the public". Di is reg, dit is soos 't behoort te wees als ons vrede verlang. Ons is opreg dánkbaar daarvoor. Dit geef klaarheid en maak 'n end aan die ewige getorn van die ánder kant, op uerdie éen gebied. Dit maak meteens ook 'n end aan die "fresh start"-bewerings van 1910, terwyl ook sir Percy Fitzpatrick nou genoep werd—wel om totaal ánder oorwegings!—om sijn woorde van dáardie tijd terug te neem. En more sal ons geleëndheid hê om waar te neem welke regsgeldigheid die ministeriële bevelskrif in die gereghof besit, terwyl een van ons lede gearresteer werd op die spoorweg omdat hij—ja, omdat hij g'n Engels verstaan 't nie. (Bedoel word die saak teen mhr. D. J. Smal, wat die 2e April voor die magistratshof gedien 't, uitgestel werd en later van die hand gewijs is).

Natuurlik is daar vooruitgang gewees; dit sou monsterlik gewees 't als dit nie so was nie, aangesien die wettelike seggenskap nog steeds gekonsentreer was in ons eie hande. Maar

dis niks om so'n danige orasie oor te maak nie. Dit sou verkeerd wees om ons daardeur in slaap te laat sus. Nog nooit is daar groter behoefte gewees aan strijdvaardigheid van ons genootskap als juis nou nie.

## OP DIE SKOOL.

Neem die gelijk-geregtigheid op skoolgebied. In 1912 werd, ingevolge die gelijkstelling in die Grondwet, en ten einde daar verdere uitvoering aan te ges, op aandrang van genl. Botha ingevolge besl. van die Unie Volksraad, deur die Provinsie aangeneem, wat ons die "Rissik-wet" noem, waardeur die twee tale ook op die skool geplaas word op 'n voet van volkome gelijkheid, en die twee elemente oor en weer feitlik verplig word om mekaar hul tale te leer. Dit werd ook gedaan in die Vrijstaat, met ander woorde, in die twee provinsies wat voorheen één offisiële taal gehad 't: nml. Hollands. Dáar werd verpligte gelijkstelling ingevoer. In die Kaap werd dieselfde ordonansie ook aangeneem, maar in 'n heelmaal ánder gees. Terwijl in Transvaal en Vrijstaat onmiddelik die vereiste stappe geneem werd om die wet ook in die praktijk toe te pas, is 't in die Kaap 'n papiere wet gewees, en dit is dit gebly tot vandaag toe nog. Daar is nooit 'n serieuze poging gedaan om uitvoering daaraan te gec nie. Inteéndeol, non die ander dag is daar 'n nieuwe wet aangeneem, waarin selfs die beginsel van die vorige verwater word tot niks. Met die nieuwe kaapse "Taalsertifikaat Ord." is die gelijkberegtigheid in die Kaapse skole 'n puskwil geword, 'n spot; die één taal segevier daar vir alle praktiese doeleindes, oor die ander. Natal het partinent geweier om onder die "Rissik-wet" in te kom, en sleep bowendien twee distrikte van Transvaal daarbij mee, Utrecht en Vrijheid, wat oorwegend Hollandssprekend is, en nou verplig word om onder die eensijdige natalse stelsel voort te sukkel. Is dit vooruitgang?

## NASIONALITEITSBESEF.

Neem die kwessie van nasionaliteitsbesef. Nog meer dan in die geval van "taal" kom mens hier tereg op 'n gebied wat sommige mense vir hulle en ander afgepen 't als "rebels"! In art. 2 (c) van ons statute stel ons ten doel: "die aankweking en ontwikkeling van 'n suiwer suidafrikaanse nasionaliteitsgevoel." Dit is 'n volkome regmatige, billike, lofwaardige doelwit. In 1909, vlak vóór die Unie was dieselfde ideaal in een van die grondbeginsels van die ouë Afrikaner Bond belichaam. Art. 5 (a) van hul program van beginsels het gelui: "Dat het gevoel van nationaal zelfrespekt, en van vaderlandsliefde jegens Zuidafrika, vooral op de school, in 't huisgezin en door de drukpers zal worden ontwikkel en gevoed." Hoe staat 't vandaag met dié nasionaliteitsbesef van ons? In Kaapland en Vrijstaat is vandaag wat ons ses jaar gelede ver-

hef het als partij-beginsel, vernéder tot 'n strafbare delikt onder die wet! Deur die sogenaamde "Tugregulasies" wat daar ingevoer is vir die skole, is 't aan onderwysers verbooie onder allelei sware strawwe, om op welke wyse dan ook bevorderlik te wees aan wat ons nog maar ses jaar gelede vooropgestel 't in ons programma's, als begeerlike beginsel!

Is dit vooruitgang?

Waarheid is, dat ons vandaag, in 'n vlag van heelmaal abnormale gevoelens ons laat verlei tot die ploeg van dinge waar ons nog bitter spijt van sal hê, tot dinge wat 'n teruggang daartel in die taal- en nasionaliteits-besef van ons Volk, en wat ons jare en jare van harde werk sal kos om ongedaan te maak, éndag, als ons beginne insien onder welk 'n karnaval van buitensporigheid ons vandaag handel, in welk 'n orgie van abnormaliteit ons swelg! Waarheid is ook, dat ons besig is om die ideaal te verwoes. Terwyl ons, in ooreenstemming min of meer met die gees van ons tijd, alle sorg en aandag wij aan die stoflike, vergeet ons die onomstotelike waarheid van alle tye: dat die mens nie bij brood alleen sal bestaan nie. Dit ontbreek ons aan die bewuste nastrewe van aannemelike en begeerlike nasionale ideale,—wat miskien vir éwig ideale mag blij, maar wat koers en rigting, en liefde en toewijding sal gee aan ons strewe, en doelbewustheid aan ons werk en lewe.

Onder talrijke blyke van instemming be-eindig die voor-sitter sijn rede. Dr. W. M. R. Malherbe spreek 'n woord van opregte dank en waardéring daarvoor uit.

## NIEUWE BESTUUR.

Nadat allerlei lopende werksaanhede verrig was, werd onderstaande nuwe bestuur gekies, t.w. :—

Dr. T. le Roux, Dr. W. M. R. Malherbe, Adv. N. J. de Wet, Dr. Gey van Pittius, Jan Celliers, Iz. van Heerden, Dr. Leipoldt, D. J. Smal, G. S. Preller.

Op 'n bestuursvergadering, onmiddelik daarna gehoue werd die bestuur als volg gekonstitueer:

Dr. W. M. R. Malherbe, voorsitter; Dr. T. le Roux, vise-voorsitter; Iz. van Heerden, sekretaris-penningmeester (adres: 783 Arcadiastraat, Pretoria); D. J. Smal, asst. sekr.-penningmeester (adres: Postbus 337, Pretoria).



